waarheid & dwaling

RUGSTEUN VIR DIE AMP VAN GELOWIGE

JAARGANG 7, NO 3 MAART 2001

*1 Joh 4:6*
"Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling"

INHOUD

1 **Redaksioneel**
*Die appèl*
1 **Skrifoordenking**
*Gebed om Christus se handelinge*
Dr AH Bogaards
2 **Op die Kerkerf**
*Jy het my Woord bewaar - 'n Appèl*
Dr JG Meijer
9 **Kommentaar van lesers**
- *Interpretasie of verklaring?*
10 **Rekenaar en Internet**
*Die aarde behoort aan die HERE*
Dr AH Bogaards
10 **Persskou**
- *Kerk in stroomversnelling*
- *Nagmaal in die sitkamer*
Ds GJ Meijer
12 **Gebed van Calvyn**

**REDAKSIONEEL**

# DIE APPÈL

Die rubriek 'Op die kerkerf' bevat 'n appèl. Die appèl word gerig aan die lesers binne die verband van Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Dit is ook bestem vir al die ander lesers wat volgens die rigsnoer van die Heilige Skrif wil lewe.

Mag die Groot Herder van die skape al sy volk in een kudde verenig, saamgebind deur een belydenis, onder een suiwer Woorddiens, rondom een nagmaaltafel.

Die eenheid in die waarheid kom ook in die rubrieke 'Persskou' ter sprake.

Weens siekte van dokter Boon kan die rubriek 'Mediese etiek' nie hierdie maand gevul word nie. Die redaksie wens hom 'n spoedige herstel toe.

Omdat die appèl lank is, sal die vervolg-artikel oor die gesag DV volgende maand verskyn.

**SKRIFOORDENKING**

# GEBED OM CHRISTUS SE HANDELINGE

**Dr AH Bogaards**, Daniëlskuil

*Handelinge 16:25*:

**'En omtrent middernag het Paulus en Silas gebid en lofliedere tot eer van God gesing; en die gevangenes het na hulle geluister.'**

In die vorige oordenking het ons die handelinge van die duiwel gesien. Die resultaat van sy handelinge was dat Paulus en Silas in die tronk beland het. Nou het die duiwel skynbaar sy doel bereik: Die mond van die evangelie is gesnoer.

## Die gebedshandeling van die kerk

Wat sal Paulus en Silas se antwoord op die nood wees? In hulle diepste nood het die kerk van die Here deur die eeue heen altyd een wapen geken: die wapen van die gevoude hande, die biddende hande.

Dit is 'n wapen so ontsaglik kragtig, so enorm sterk. Nee, dit is nie kragtig, omdat die gevoude hande self so sterk is nie, maar wanneer ons bid, lê ons ons nood, lê ons die voortbestaan van God se kerk *in die hande* van ons almagtige Koning. Juis daarom is die gebed so kragtig.

Handelinge is die boek van die gebedshandelinge van die kerk. Dit is opvallend hoeveel maal ons hoor dat daar gebid word. Reeds rondom Pinkster hoor ons die kerk bid en hoe, in antwoord op die gebedshandeling van die dissipels, die Heilige Gees uitgestort word.

Ook Paulus was 'n man van gebed. Toe hy daar, op die weg van Damaskus, van sy kameel afgeval het, het hy op sy knieë te lande gekom. En op sy knieë het hy, by wyse van spreke, vir die res van sy lewe gebly. Want dit is werklik opvallend hoe vol sy briewe met gebede is. Paulus was 'n biddende man.

Ook hier in die tronk bid hy en Silas. So handel hulle in hulle nood. Hulle neem hulle toevlug tot die handeling van die gebed. Dit moet ons tog nie verkeerd begryp nie. Gebed beteken nie dat ons self wil handel nie. Waaragtige gebed beteken juis: om jou hande na Christus uit te steek dat Hy sal handel, dat Hy, die Almagtige, met sy handelinge reddend sal ingryp. Gebed is juis om te sê: Met ons handelinge kry ons niks reg nie. Ons handelinge kan die duiwel nie stuit nie. Ons dade kan ons nie verlos nie, maar U handelinge is alles. U kan verlos. Daarin lê die krag van die gebed.

Paulus en Silas het die groot krag van die gebed geken? En ons?

## Die vrug van die gebedshandeling: die handelinge van Koning Jesus

Die eerste wat ons hoor na hulle gebed, is dat Paulus en Silas gesing het. Hulle het gebid èn gesing. Die twee gaan saam: bid en sang. Wie bid, sing. Dit sien ons meermale in die Bybel (vgl. Psalm13). Die gebed maak die sanglus

wakker. Sing ons ook? En as ons nie sing nie, waarom sing ons nie? Is dit miskien omdat ons nie bid nie of omdat ons nie waarlik bid nie?

Paulus en Silas het gesing. Maar wat? Klaagliedere? Psalms waarin hulle hulle nood voor God beklaag het? Nee, daar staan: Hulle het *lofliedere* gesing, jubelsange om middernag, deur donker nag omgewe.

Dit is tog ongelooflik, nie waar nie? Terwyl hulle met stukkend geslaande rûe in die tronk lê, hulle voete in blokke vasgeknel, sing hulle! Hoe kan dit? Dit kom deur die gebed. Deur die gebed lê ons ons diepste nood en die nood van God se kerk in die hande van die handelende Koning van Handelinge. Dan is die kerk veilig en die voortgang van die evangelie gewaarborg, ondanks die Satan se handelinge. Die gebed is die geheim van Paulus-hulle se blydskap. Deur die gebed weet hulle dat hulle lewens veilig is by God en dat die duiwel nie sal slaag om die kerk te kelder in sy evangelie-prediking en in sy voortgang en in sy voortbestaan nie.

Ons hoor in die *tweede* plek *dat die gevangenes geluister* het. Paulus en Silas se sang was 'n soort prediking. Die Here word geloof vir sy groot dade. Die duiwel wil die evangelie agter die tronkmure en deure toesluit. Nou bereik die blye boodskap juis daardie mense binne die tronk. Die duiwel bereik die teenoorgestelde met die gevangenskap van Paulus en Silas: Dit loop uit op bevordering van die evangelie (Filippense1:12).

Is ons blymoedig? Sing ons ook graag? Dit kan 'n middel tot evangelisasie wees, 'n manier om ander te wys en te laat hoor: Dit is heerlik om 'n christen te wees. So kan ons mense tot die God van ons gebede trek.

Die krag van die gebed word *derdens* geïllustreer in die *aardbewing* wat daarop gevolg het. Openbaring 8:20 vertel iets dergeliks: want toe die engel die skaal met die gebede van die heiliges daarin op die aarde gegooi het, het daar stemme gekom en donderslae en weerligte en aardbewing!

Lukas vertel ons dat die aardbewing so erg was, dat die fondamente van die gevangenis geskud het. As gevolg daarvan het die deure onmiddelik oopgegaan en die boeie van almal het losgegaan. Satan wou die evangelie agter die tronkdeure toesluit, maar deur die gebed van die kerk is die gevangenisdeure oopgeruk.

*Die koper-kerkerdeur het*
*gewaggel voor Gods mag*
*wat ysters weggebeur het,*
*verbreek het met een slag*
(Psalm107:7, berymd).

Die gebed van die kerk is die geheim van die voortgang van die evangelie. Bid u dat die evangelie mag uitbrei?

Maar nie net gevangenisdeure het oopgegaan nie. Ons hoor ook in die *vierde* plek dat *die deur van iemand se hart oopgegaan* het: Die tronkbewaarder het tot bekering gekom. Koning Jesus laat die aarde bewe en Hy skud hierdie man in die fondamente van sy bestaan, sodat die deur van sy hart oopgaan. Daaragter sit die gebed van Paulus. Nee, die gebed op sigself kan mense nie verander nie, maar in die gebed vra ons dat die Here Jesus sal handel en dat Hy deur die handelinge van sy Heilige Gees mense nuwe harte sal gee.

Ons kan ander mense nie verander nie. Ons kan ons kinders nie tot geloof bring nie. Maar ons kan wel bid. Doen ons dit genoeg?

As *laaste* vrug op Paulus en Silas se gebed hoor ons dat hulle *deur die geregsdienaars vrygelaat* is. Die handelinge van die Satan het misluk. Want selfs in die tronk en ondanks die kerkerdeure en die tronkmure het die evangelie sy triomftog voortgesit. Die Here sal sy werk deur niks laat keer nie.


Mondstuk van die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel

*Redaksie:*
Ds ALA Buys
A Juyn
Ds GJ Meijer
Dr JG Meijer
Ds SJMS Smit

*Eindredaksie:*
Dr JG Meijer
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 329-1465
E-pos:
jgmeijer@cybertrade.co.za

*Medewerkers:*
Dr AH Bogaards
Dr JM Boon
Prof JC Coetzee
Prof GJC Jordaan
Dr AH van den Bout

*Administrasie-adres:*
Waarheid en Dwaling
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 335-9134
(Mev Hanneke Das)

*Intekengeld:*
R 80 per jaar

*Taalkundige versorging:*
Mev Rita Botha

*Tegniese versorging:*
Printburo
Posbus 25316
Gezina
0031
E-pos: printbur@mweb.co.za


**OP DIE KERKERF**

# JY HET MY WOORD BEWAAR - 'N APPèL


**Dr JG Meijer**, Pretoria


**Gereformeerde kerke, waarheen? Gereformeerde belyers, waarheen? Watter plek het die Woord van God in kerke wat uit Die Reformasie van die sestiende eeu afstam? Wat van die Skrifgeloof en Skrifgesag in hulle midde, wêreldwyd? Hierdie appèl fokus op toestande binne Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Dit is ook bestem vir gereformeerdes buite hierdie kerke-gemeenskap. Tot bewaring en versterking van die Skrifgeloof, asook tot daadwerklike eerbiediging van die Skrifgesag.**

'n Broeder stel 'n vraag oor verklaring en interpretasie van die Bybel. Sien die rubriek 'Kommentaar van lesers'. Hy vra: Is verklaring en interpretasie ekwivalente begrippe, twee woorde vir een en dieselfde saak? Die kwessie wat hy ter sprake bring, is 'n belangrike vraagstuk. Antwoorde op sy vraag loop uiteen. Dié antwoorde weerklink in die praktyk. Die nodige eensgesindheid ontbreek in die waardering van die Bybel en in die lewe uit die Woord.

Hierdie artikel stel die kwessie van 'verklaring' en 'interpretasie' in perspektief en oorsigtelik. Elke leser moet weet waaroor dit gaan. Sake word skerp gestel en slegs aan die hand van enkele illustrasies verduidelik. Wie detail-kennis wil opdoen, word verwys na 'n aantal publikasies wat reeds tevore hieroor in ons midde verskyn het.[1]

Dit is nodig om op die uiteenlopende gedagtes oor Skrifgeloof en Skrifgesag binne ons kerkverband terug te kom. In ons gereformeerde pers en deur kerklike vergaderings is naamlik glad nie op die ope brief aan 'n klassis nie en minimaal op die artikels in ons blad oor hierdie kwessie gereageer. Slegs twee kort weerwoorde, waarin geen argument geweeg is nie, maar wel verdagmakende opmerkings gemaak word.

Op die vrae wat die redaksie in die uitgawe van Maart 2000 aan die weerwoord-skrywer gestel het, het hy tot dusver nie geantwoord nie. Doodswyg-taktiek word wel in geheime organisasies toegepas, maar kan nie in die lig van die Skrif goedgekeur word nie. Doodswyg in die kerke is fataal. Dit is feitlik die deursny van broederbande. Maar dit - hoe ernstig ook al - slegs terloops.

Terloops, want dit gaan nou nie oor skriftuurlike *omgang* met mekaar nie, maar oor *geskille* wat lidmate van gereformeerde kerke wêreldwyd uit mekaar dryf. 'n Hele aantal gereformeerdes en kerke in Amerika het hulle verbinding met die Christian Reformed Churches verbreek. In ander kerkgroeperings in die wêreld is die verhoudings gespanne. Waar loop die verdelingslyne? Wat dryf broeders en susters van een kerkhuis uiteen?

Dit gaan oor die Bybel. Die vrae vermenigvuldig. Wat is die Bybel? Wie is die outeur(s)? Hierdie vraag kry in die eerste hoofdeel ons aandag. Is die Woord helder en duidelik verstaanbaar? Wat van verklaring van die woorde in die Skrif? Oor hierdie vrae gaan dit onder die tweede vet opskrif hieronder. Is die Bybel vandag nog aktueel? Skyn die lig van die evangelie helder in alle eeue? Of neem die helderheid met die voortgang van die tye af? Klink die stem van die Woord in die tweede millennium swakker as voorheen? Mag ons die Skrif interpreteer? Indien wel, hoe? Hierdie vrae kom in die derde hoofdeel aan die orde. Daarna word die artikel afgesluit met 'n appèl op elkeen wat dit lees.

## Die Woord

Wat is die Skrif? Wie praat in die Bybel?

### *Die Here praat*

Die Bybel is 'n boek. Die tydperk vanaf die ontstaan tot die voltooiing van die Skrif beloop meer as duisend jaar. Hierdie boek is in verskeie tale geskryf, die Ou Testament in Hebreeus en enkele hoofstukke in Aramees, die Nuwe Testament in Grieks. Die Skrif is nie 'n wetenskaplike boek nie. Die taal wat gebruik word, is vir elkeen wat lees en oordink, verstaanbaar. Die teikengroep van die Skrif is naamlik die hele mensdom, nie maar enkele geleerdes nie.

Wat maak die Bybel so besonder? Dit is *God* se Boek, *sy* Woord. Mense wat die Bybelboeke geskryf het, is sodanig deur Hom bewerk dat hulle woorde sy Woord is. 'Die hele Skrif is deur God ingegee.'[2] Hoe Hy die skrywers geïnspireer het, is 'n wonderwerk wat geen mens in diepte kan naspeur nie. Die resultaat van hierdie wonderwerk ondervind ons in die daaglikse omgang met die Bybel. Ons hoor die Here se stem, sy 'lewende woord' wat 'tot in ewigheid' bly.[3] Ons ervaar ook die uitwerking van die Skrif. Die woord is 'lewend en kragtig'. Dit beoordeel 'die oorlegginge en gedagtes van die hart'.[4] Die Here bring ons deur sy Woord tot liefdevolle oorgawe aan Hom, tot belydenis van ons skulde, tot toewyding aan Hom in sy diens, tot aanvaarding van beproewing.

Soos die Here Hom in sy Woord openbaar, net so glo ons in Hom. Ons sê dit hardop in ons belydenis: Die Skrif is die 'heilige en goddelike Woord'.[5] *Die Here* praat. Hy praat nie maar oor dinge nie. Hy spreek ons aan. Hy beweeg ons hart en ons lewe. Ons ontvang al sy Bybelboeke 'as heilig en kanoniek om ons geloof daarna te rig, daarop te grondves en daarmee te bevestig'.[6] Die Skrif? Dit is die rigsnoer vir die lewe, die fondament van ons bestaan, die anker wat die gelowiges nie laat wegdryf nie. God se Woord gee sekerheid, vastigheid, en diep blydskap.

### *Die goddelike Skrif word verloën*

Modernistiese teoloë probeer om die Bybel te 'ontgoddelik'. Hulle strewe na die onmoontlike. Die Bybel is en bly - ten spyte van hulle inspanning in ongeloof - die Woord van onse God. Die poging tot 'ontgoddeliking' van die Skrif verloop deurgaans in 'n proses. Dit begin met oorbeklemtoning van die *menslike faktor* in die Bybel.

Een stappie verder en die woord *faktor* word vervang met *inset*. In hierdie stadium beweer daardie teoloë: God en mense lewer saam insette in die Bybel. Die hele Bybel is nie Woord van God nie. Sy woorde is in die Bybel. Die Skrif bevat 'n mengelmoes van goddelike en menslike gedagtes en woorde.

So saai hierdie moderniste twyfel in die harte van hulle volgelinge. Bybellesers wat hulle volg, word voortdurend gekwel deur die vraag: Is dit wat ek lees, 'n woord van God? Of is dit slegs mense-woorde? Wie kan met sekerheid sê of 'n bepaalde teks 'n woord van bo of 'n woord van benede is? Mense word knaend onseker gemaak.

Dan volg die finale stap in die sogenaamde 'ontgoddeliking'-proses. Moderniste beweer: Die Bybel is nie God se Woord nie, maar net mensewoorde met alle gebreke, daaraan verbonde, 'n boek vol teenstrydighede. Geskiedenis word as mites beskou, verbeeldingsvlugte of ten minste sterk oordrywings of interpretasies van die menslike skrywers. Om agter die waarheid te kom, moet die Bybel - net soos alle ander boeke van mense - krities gelees word. Moderniste oefen Skrifkritiek uit.

Het die Skrif vir hierdie moderniste (of post-moderniste) nog enige waarde? Ja, sê hulle. Jy lees daarin menslike ervarings van God uit lang vervloë tye. Hoe dié mense sonder Woord-openbaring van die Here by ervarings van Hom uitgekom het,

1 JG Meijer. *U kneg hoor: ope brief aan die Gereformeerde Kerke in die ressort van Klassis Boland.* Pretoria: Printburo, 1995. Artikels van dieselfde skrywer in *Waarheid en dwaling*: Kelkies?, 4(5-6), 1998:5-10; Vroulike ampsdraers in Christus se kerk? 4(5-6), 1998:13-17; Hou vas wat jy het: reaksie op 'twee strome'-artikels (1 en 2), 4(9), 1998:7-9 en 4(10), 1998:9-10; artikels in rubriek 'Op die kerkerf' van 5(7), 1999 tot 6(1), 2000 en die reaksie op dié reeks in 6(3), 2000:4. Gelyktydig met 'Hou vas wat hy het' (1) verskyn van prof. GJC Jordaan Skrifgesag en Skrifvertolking (1 en 2). *Waarheid en dwaling* 4(9), 1998:3-6 en 4(10), 1998:3-6, asook die artikel van prof. LF Schulze: Mag ons die Bybel interpreteer? *Die Kerkblad*, 23 September 1998:14-15.

2 2 Tim 3:16.

3 1 Pet 1:23-25.

4 Heb 4:12.

5 NGB, art. 2.

6 NGB, art. 5.

is 'n vraag wat daardie teoloë nie eers stel nie. En in hoeverre daardie God-ervarings op realiteit of fantasie berus, is 'n ander vraag wat geen mens kan beantwoord nie.

Na hulle 'ontgoddeliking' van die Skrif kom die Bybelkritici tot gevolgtrekkings. Heilige boeke sowel van christene as van ander godsdienste kom volgens hulle in wese ooreen. Almal is slegs menslike geskrifte, God-ervaring-boeke. Al die godsdienste is dus eintlik op soek na een god, watter verskeidenheid van name ook al aan hom gegee word. Alle godsdienste is wesentlik een.

God en die afgode word een verklaar. Bybelkritici ag die eerste gebod: 'geen ander gode voor my aangesig nie', ongeldig. Antitese tussen die godsdienste? Nee, sê hulle, waardeer alle godsdienste positief. Let in hierdie verband op voorskrifte vir die openbare onderwys in ons land. Hoe lank sal dit neem voordat die minister van onderwys die teologiese fakulteite wat gesubsidieer word, voorskryf om 'positief waarderende onderrig' oor alle godsdienste aan te bied?

Wat bring die kettery van die sogenaamde 'Bybel-ontgoddeliking' verder teweeg? Skrifgeloof word verloën. 'n Mens glo mos nie in God-ervarings van ander mense nie, maar in God wat Hom openbaar.

Skrifgesag word ondermyn. Kritici weier om hulle te onderwerp aan etiese voorskrifte wat bybelskrywers (klein letter) 'n paar duisend jaar gelede geformuleer het. Die Skrif is vir daardie moderniste en hulle aanhangers nie meer die goddelike rigsnoer, fondament en anker nie.

Wat is waarheid, as die goddelike Woord verloën word? Arme volgelinge van Skrifkritici kan hoogstens na waarheid *soek*. Die waarheid word nooit hulle *besit* nie.

Iemand vra: Moet verloëning van die goddelike Woord in hierdie artikel aandag ontvang? Gebeur dit binne die verband van Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika? Helaas, ja. In die artikels waarna voetnoot 1 verwys, is twee voorvalle vermeld en bespreek.

In ons gereformeerde teologiese tydskrif is die standpunt van 'n Skrifkritikus, te wete sy kettery oor 'skeppende lesers' en sy 'krities realistiese' waardering van die Bybel, gepropageer sonder enige nadere verklaring of verweer van die kant van die redaksie. Die goddelike Skrif is sonder direkte teenspraak verloën. Omtrent 'n jaar later publiseer die redaksie wel kritiek op daardie afbraak-standpunt.

Die tweede voorval. Enkele jare gelede verskyn daar 'n boek. Die 'gereformeerde' skrywer betoog: Die Bybel is nie openbaring *van* die Here nie, maar 'n loergaatjie *na* die onbekende, die vreemde god. Skrifgeloof en -gesag bestaan nie vir hom nie. Hy waardeer alle godsdienste positief. Die christelike godsdiens geniet (nog) wel die voorkeur van 'n man wat die goddelike Skrif loën.

### *Gereformeerdes, waarheen?*

Ek weet van twee kerkrade wat beswaar teen hierdie boek by die kerkraad van die betrokke broeder ingedien het. Slegs twee! Sy kerkraad het die oproepe om christelik op te tree tot vandag toe nie opgevolg nie.

Die skrywer? Hy vertel in die pers oor die voorligting wat hy in gereformeerde kringe mag gee, van Bybelstudie-groepe tot die PU vir CHO. Volgens wat hy openlik meedeel, skaar omtrent 'n dosyn dopperdominees en 'n toenemende getal lidmate hulle agter hom. Kerklike tug? Hy spog: Die tyd van die bokslagters is verby. Ons lewe nou in die era van gesprek, dialoog.

Is Die Gereformeerde Kerke nie meer in staat om openlike loëning van die goddelike Skrif in ons midde vinnig en doeltreffend aan te spreek nie? Liefde vir die waarheid kan tog nie saamgaan met loëning daarvan nie? Dit dring tog tot afkeer, afwys en afweer van daardie kettery?

Hoekom verneem ons niks van enige aksie van die betrokke klassis teen ernstige dwaling wat in sy kring toegelaat word nie? Hoekom is daar maar 'n paar kerke wat vir bewaring van ons eenheid in die waarheid in die bres tree? Hoe kan 'n kerkraad jare lank openlike verloëning van die goddelike Skrif verdra en die propaganda daarvoor in ons midde ongehinderd laat voortgaan?

Gereformeerdes, waar blyk ons almal se liefde vir die waarheid? Gereformeerde kerke, waarheen?

## Die Woord is helder

Skrifgeloof en Skrifgesag kom ook in die geding tussen broeders wat almal sê: Die Bybel is die Woord van God. Daar bestaan naamlik onder hierdie teoloë ingrypende verskille in hulle beantwoording van die volgende vrae: Is die Skrif helder? Is die woorde duidelik verstaanbaar? Kan ons die tekste verklaar sonder om in hierdie proses van die betekenis van die geopenbaarde woorde af te wyk?

### *Die Skriflig*

Ons bely in artikel 2 van die Nederlandse Geloofsbelydenis dat die Skrif duidelik is. In die oorspronklike Nederlandse teks staan nie 'duidelik' nie, maar 'klaar'. Duidelikheid sê iets oor die *leser*, die ontvanger van die Skrif. Klaarheid of helderheid wys op *die Skrif self*. Die Bybel is 'n lig wat helder skyn.

Die Here se Woord is lig. Sy Woord 'is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad'.[7] Die 'profetiese woord is baie vas'. Ons moet daarop 'ag gee soos op 'n lamp wat in 'n donker plek skyn'.[8] Bly in die lig en laat dit in die lewe skyn. Dis God se opdrag aan elke gelowige. Elkeen in die kerk staan in die ligbundel van die Woord. Alle gelowiges - nie alleen die voorgangers nie - hoor in die evangelie die stem van die Goeie Herder. Sy skape ken sy stem en volg Hom.[9]

Kan mense sonder ware geloof weet waaroor dit in die Bybel gaan? Dit is moontlik om 'verlig' te word, 'die hemelse gawe' te smaak, 'die Heilige Gees deelagtig' te word, 'die goeie woord van God en die kragte van die toekomstige wêreld' te smaak en ... 'afvallig' te word.[10] Dié verligtes weet terdeë van die Here en sy diens, maar ken Hom nie in liefde nie. Hulle staan die Heilige Gees wat die Woord in die harte indra, dit toeëien, teen. Hulle noukeurige weet van die Here groei nie tot liefdevolle kennis van Hom uit nie. Judas, die apostel wat die Heiland verraai het en nooit waarlik in Hom geglo het nie, het saam met die ander dissipels in Israel gepreek.[11] Israeliete het deur sy prediking tot geloof in Jesus Christus gekom. Dit is moontlik om die helder lig van die Woord te sien, dit selfs uit te dra en ... die lig nietemin uit eie hart en lewe te weer.

Die Skriflig is helder. Beteken die helderheid dat elke teks ewe duidelik vir die leser is? Nee. Die Bybel is openbaring van

[7] Ps 119:105.
[8] 2 Pet 1:19.
[9] Joh 10:1-14.
[10] Heb 6:4-5.
[11] Matt 10:4,7.

*God.* Ons kan ons groot Koning wel verstaan, maar nooit deurgrond nie. Die Skriflig word verblindend in woorde wat 'swaar is om te verstaan'.[12] Die oorsaak daarvan moet nie in die menslike Bybelskrywers gesoek word nie. Hulle praat nie onverstaanbare taal nie. Nee, die Here openbaar in sommige Skrifgedeeltes hoe majesteitlik, hoe ondeurgrondelik Hy is. Ons leer in die Bybel onse *God* ken, eindeloos bo al sy skepsels verhewe, onbegryplik, aanbiddelik in heerlikheid.

Elkeen wat enige Bybelwoord *verklaar*, moet in gedagte hou: 'Geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek'. Die Here waarsku: Besef dat jy *my* Woord verklaar. Daarom is 'geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging nie'.[13] Moet nie my woorde verander nie. Voeg nie eie menings daaraan toe nie. Neem niks van my woorde weg nie. 'Eie uitleg' verduister die Skrif. Dit is die werk van 'ongeleerde en onvaste mense'. Hulle 'verdraai' my Woord, 'tot hul eie verderf'.[14]

Professor Jordaan se artikels oor Skrifgesag en Skrifvertolking getuig hoe hierdie indringende waarskuwing ter harte geneem moet en kan word. Geen eie uitleg nie. Dit beteken: Keer in elke stadium van die verklaring na die teks van die Skrif terug. Die verklaarder moet sy gedagtes voortdurend aan die teks bly toets. So word hy bewaar vir die kwaad om woorde van God te 'verdraai', die lig van die Skrif te verduister.

### *Die Skriflig word verduister*

Moderne teoloë ontken die helderheid van die Skrif. Die Bybel is vir hulle maar 'n duister boek. Hierdie gedagte is 'n ou dwaling met verskriklike gevolge, waarop professor C Trimp in sy afskeidwoord aan sy studente wys.[15] Loëning van die helderheid van die Woord lei onherroeplik tot verspeel van die leer-amp, tot ondervoeding van God se volk in die erediens. Mag al ons teoloë, ook die studente, prof. Trimp se profetiese woorde lees, bestudeer en ter harte neem.

Wie die helderheid van die Skrif nie meer skerp sien nie, bring homself en ander wat hy beïnvloed, in die atmosfeer van die *relativisme*. Sekerheid verdwyn. Betreklikheid neem oor. Gedurende die laaste jare is herhaaldelik op hierdie kwaad in ons midde gewys (sien literatuur in voetnoot 1).

*Die Skrif?* Iemand skryf: Die waarheid het baie kante. Niemand van ons het die lig nie. Wie hom op die letterlike teks van die Bybel beroep, kry van 'n ander teoloog te hore: Word asseblief beskeie. Dis slegs *jou interpretasie*. Toets dit maar aan ander interpretasies. Verbeel jou nie dat jy die waarheid *het, besit* nie. Ons moet saam daarna *soek*. Die woorde van hierdie teoloog loop op 'n fel veroordeling uit. Hy sê: Dit is 'n vloek as jy jou interpretasie as die enigste waarheid voorhou. Die lofsang op die helderheid van die Skrif verstom. 'So sê die Here' word vervang met: 'Ek dink op my soektog na die waarheid ...'.

*Die mens* wat die Skrif lees en verklaar? Die relativis beweer: Ons is maar skakuskimme aan die rand. Wat ons sê, is maar betreklik, relatief, en boonop tydgebonde. Hoe nederig dit ook al mag klink - hierdie en soortgelyke uitsprake bevat ten diepste 'n verwyt aan die adres van Hom wat sy Skriflig skenk. Is dit maar 'n waarheid met baie kante, sodat geen skaduskim dit kan opvang en besit nie? Verlig onse God sy kinders nie sodanig dat hulle sy helder Woord duidelik kan verstaan en beaam nie? Is kerklike belydenisse ook slegs tydgebonde geskrifte?

Bogenoemde uitlatings verruil blye geloofsekerheid vir relativisme, voortdurende twyfel. Hierdie relativisme staan haaks op ons belydenis oor die ware geloof. Geloof is nie 'n betreklike, relatiewe kennis nie, maar "'n *vasstaande kennis* waardeur ek *alles* wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het, vir *waar* aanvaar' en "'n *vaste vertroue'* op Hom wat in die gewaad van die Skrif tot ons kom.[16]

Wie die helder lig van die Bybel nie meer raaksien nie, kom tot afwyking van letterlike opdragte sonder om daarvoor skriftuurlike gronde aan te voer. Die afwyking word goedgepraat met die argument: Dit gaan maar oor 'n *middelmatige saak*. Middelmatige sake is vir hierdie teoloë nie 'n *verleentheid* nie: Solank as wat die wil van God (wat die hele lewe omspan) in 'n sekere situasie nog nie duidelik is nie, veroordeel ons mekaar nie. Ons berus nie daarby nie, maar bestudeer die Skrif verder om so gou moontlik die lig daaroor op te vang.[17]

Nee, hierdie teoloë misbruik die 'middelmatige sake'. Hulle maak van die verleentheid 'n *geleentheid* om in daardie sake aan die lig van die Skrif te ontsnap. 'Jammer, ons verstaan 'n Skrifwoord nog nie in ons omstandighede nie' word vervang met: 'Gelukkig, 'n middelmatige saak; niemand kan my bind nie'. Ek noem hier slegs twee voorbeelde om hierdie soort Skrif-verduistering te illustreer.

In 'n beswaarskrif, wat op een van ons nasionale sinodes gedien het, word instellings van die Here by die skepping (sogenaamde skepping-ordinansies) sonder enige skriftuurlike grond ongeldig verklaar. Gebooie van God word tot riglyne gedegradeer. Tekste word verdraai totdat dit presies die teenoorgestelde sê van wat die Here daarin openbaar.

Die tweede voorbeeld gaan oor die manier waarop kelkies, langs of ter vervanging van die nagmaalbeker, ingevoer word. Die argument daarvoor? Brood en wyn is die tekens. Derhalwe is die gebruik van beker (saam) of kelk (individueel) 'n middelmatige saak. Die gebod om die beker te drink,[18] word sonder skriftuurlike fundering en diepgaande ondersoek na die betekenis van die derde pasga-beker(s) eenvoudig genegeer. Middelmatige saak: Ons eis vryheid om kelkies te gebruik. Calvyn word ten onregte bygesleep om die beker-kwessie onder middelmatige sake te orden.[19]

Die 'maklike' afwyking van die Woord van God, in die twee genoemde voorbeelde, takel Skrifgeloof, Skrifgesag, eerbied vir Hom wat in die Skrif tot ons kom, in ons midde af. Die Here bepaal watter opdragte in die Skrif nie meer deur ons uitgevoer behoort te word nie. Geen mens het dié bevoegdheid van Hom ontvang nie.

### *Gereformeerdes, waarheen?*

Aantasting van ons belydenis oor die helderheid van die Skrif lei tot:

- die vervang van waarheid-besit met 'soek na die waarheid',
- die ontkenning dat gelowiges sonder bemiddeling van teoloë die Woord duidelik kan verstaan,

---

[12] 2 Pet 3:16.

[13] 2 Pet 1:20-21.

[14] 2 Pet 3:16.

[15] C Trimp. *Het leerambt niet verspelen: De uitstraling van de Schrift in de bediening van het Woord.* Barneveld: Vuurbaak, 1993.

[16] HK, antw. 21.

[17] Sien K Schilder. *Heidelbergsche Catechismus*, deel 1. Goes: Oosterbaan, 1947, p. 134-137 oor die skriftuurlike waardering van *adiaphora*: middelmatige sake.

[18] 1 Kor 11:26.

[19] Sien GJ Meijer. Calvyn en die nagmaalbeker. *Waarheid en dwaling* 7(1), 2001:11.

- eiewillige uitbreiding van middelmatige sake,
- degradering van God se gebooie tot riglyne,
- 'eie uitleg' van Bybeltekste,
- afwyking van voorskrifte in die Bybel sonder skriftuurlike grond om daardie afwyking te regverdig, en
- ondermyning van geloof-sekerheid.

Hierdie verduistering van die Skriflig verloop soos 'n sonverduistering om twaalf uur in die middag. Die verduisteraars praat soos volg: Beker of kelkie is tog nie 'n wesentlike geskil nie? Ons bly tog glo dat brood en wyn die tekens van die nagmaal is? Beker- of kelkie-gebuik is dus maar 'n middelmatige saak. Ons beroep ons op ons vryheid. Niemand mag ons bind nie.

Die eerste deeltjie van die son is verduister. Die Here sê tog: Drink die *beker*? Kritici praat daarteen: Ons wyk tog nie van 'n fundamentele gebod af nie? Mense laat hulle mislei. Die res van die Skriflig skyn tog nog helder? Hulle besef nie dat die proses van verduistering van die Skriflig begin het en ... onherroeplik voortgaan nie.

Die tweede stap in die sonverduistering: Vroue word tot diens in besondere ampte toegelaat. Hierdie verklaarders sê: Ons interpreteer alle tekste daaroor sodanig dat God nou gebied wat Hy in die Skrif verbied het ... Die volgende stap van sonverduistering gaan oor die sabbat, die vierde oor seksuele omgang buite die huwelik, die vyfde oor homoseksuele aktiwiteite, ensovoorts. In die mate waarin hulle verduistering van die Skriflig toeneem, ag hulle die fokus (die kernboodskap) van die Skrif steeds minder en geringer.

So verdwyn die een deel van die son (die Skrif) na die ander totdat hierdie teoloë die hele Skrif verduister het. Dan poneer hulle in die duisternis wat hulle aangebring het, die stelling: Die Bybel is maar 'n menslike boek.

Op die pad van Skriflig-verduistering is daar geen stilstand nie. Wie begin om sonder skriftuurlike fundering die afwyking van enige gebod van die Here goed te keur, staan voor twee moontlikhede: Terugkeer van daardie pad onder leiding van die Heilige Gees of voortgaan tot die bitter einde. Dit gaan in die beker-kelkie-geskil oor die vraag: Wandel ons op die pad van Son-verduistering of sê ons aan die begin hartgrondig nee daarteen, ter bewaring van die Skriflig, die bron van lewende water, die Woord wat ons wederbaar en vernuwe?

## Die Woord is aktueel

Die derde reeks vrae gaan oor verskille in kultuur, leefwyse, omstandighede tussen die eerste Bybellesers en ons. Ons lewe omtrent 2000 jaar later as die eerste lesers. Teoloë stel vrae: Neem die helderheid van die Skrif na verloop van tyd af? Klink God se stem deur die eeue heen steeds swakker? Hoe moet ons die Bybel interpreteer met inagneming van die verskille tussen die eerste en die hedendaagse Bybellesers?

### *Die Skriflig bly skyn*

Kom, ons luister na wat die Here self oor die aktualiteit van sy Woord sê. Toe Hy sy kerk in die eeue-lange isolement van Israel lei, belowe Hy by die begin van dié tydperk aan Abram: 'In jou sal *al die geslagte van die aarde* geseën word.[20] By sy roeping van Abram uit Ur het die sprekende God 'vooruit gesien' na die era wat ten minste 1700 jaar later met die uitstorting van die Heilige Gees begin. Die belofte aan Abram omvat die hele verdere kerkgeskiedenis, selfs die laaste dae, waarin 'God die heidene' (uit alle volke) tot geloof roep en bring.[21]

Nog vroeër, in die paradys, het die Here aangekondig dat die stryd van alle eeue tussen die saad van die slang en die saad van die vrou op die jongste dag eindig, op dié dag wanneer Hy die Satan sal verbrysel.[22]

Die Here wat openbaring gee, sien vooruit. Die Ou Testament getuig van die Messias wat kom, van sy lyding, sterwe, opstanding uit die dood, asook van sy magtige werke: Hy bring deur sy Gees mense tot geloof en bekering. Ons kry deur Hom vergewing van sondes. Hy laat sy evangelie aan alle volke verkondig.[23] God sien in die knop van die Ou Testament reeds die blom van die Nuwe Testament oopgaan.

Sy Woord is verder te alle tye en in alle omstandighede verrassend aktueel. Die wet waardeur die Gees die lewe vernuwe, verouder nie. Timoteüs ken van kleins af die heilige Skrifte. Die Ou Testament bly vir hom in die nuwe bedeling die Boek van die wysheid. Dit maak hom wys tot saligheid deur die geloof in Christus. Die Skrif (inklusief die Ou Testament) bly vir almal wat glo, 'nuttig tot lering, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus'.[24]

In gebeurtenisse onder die ou verbond openbaar die Here nie slegs die voortgang van sy heil nie. Die geskiedenis bevat ook lesse. Die woestynreis van Israel (die leiding van die komende Messias, die ongelowige reaksies van die volk en die strawwe wat daarop gevolg het) word as 'n waarskuwende voorbeeld aan ons voorgehou. 'Al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het.'[25]

Maar wat van die verskille (in tyd, kulturele en sosiale omstandighede) tussen die eerste Bybellesers en ons? Voorskrifte wat nie meer geldig is nie, word deur die Here self afgeskaf, soos die offers vir versoening wat in Christus vervul is.[26] Sommige dinge wat onder die ou verbond nog toegelaat is, laat God na die koms van die Heiland nie meer toe nie.[27] Namate die bruid van Christus meer heilsweldade ontvang, neem haar verantwoordelikheid toe.

God het sy Woord in verskeie kulture en sosiale omgewings geopenbaar. Die Bybel is tydgerig. Wat vandag nie meer geld nie, word deur die Here self in die Skrif verduidelik. Ons ontvang die Woord van Hom wat tot die einde van die dae vooruitgesien het, toe Hy die Skrif aan sy kerk gee. Die Skrif is die 'ewige evangelie',[28] die Woord van die ewige God, die evangelie wat in alle eeue van krag bly. 'Die Woord van die Here bly tot in ewigheid.'[29]

Professor Jordaan eerbiedig die ewige geldigheid van die evangelie in sy uiteensetting van die 'interpretasie-proses'. Na die analitiese eksegese (die *verklaring* van die teks) volg die sintetiese eksegese (die *interpretasie* van die teks). Interpreteer behels die bestudering en uitleg van 'n teks in die verband van die perikoop, van die betrokke Bybelboek, in die sosiaal-kulturele omgewing van die tyd, in die verband van die hele

[20] Gen 12:3.
[21] Gal 3:8.
[22] Gen 3:15 en Rom 16:20.
[23] Sien onder meer Joh 5:39; Luk 24:26-27,32,44-48.
[24] 2 Tim 3:15-17.
[25] 1 Kor 10:11.
[26] Vgl. NGB, art. 25.
[27] Sien onder meer Matt 19:8.
[28] Op 14:6.
[29] 1 Pet 1:25.

Skrif en ten slotte die oordra van die inhoud van die teks na ons konkrete leefwêreld.

Prof. Jordaan bly die skriftuurlike eis stel: Keer in elke stadium van interpretasie terug na die letterlike teks. Voeg daar niks by nie. Verander die woorde van God nie. Laat die bestudering van die 'Umwelt' dien tot verheldering en nie tot verduistering van tekste nie. Met hierdie 'interpretasie' is daar niks verkeerd nie. Daar bestaan egter ook ander gedagtes oor 'interpretasie'.

### *Eie interpretasie tas Skrifgeloof en Skrifgesag aan*

Eie interpretasie spruit voort uit die ontkenning of ten minste negeer van die helderheid en van die volkomenheid van die Skrif. Hoe verloop dié interpretasie-proses?

*Buite-bybelse gegewens oorheers* die uitleg van die Skrif. 'n Treffende voorbeeld daarvan is die verklaring van 1 Timoteüs 2:8-15 in *Die Bybel in praktyk* (sien ook die verklaring van hierdie Skrifgedeelte in die *Bybellennium*). Die verklaarder gaan nie vanuit die teks na buite-bybelse gegewens kyk om die helder Skriflig te verduidelik nie. Hy doen presies die omgekeerde. Hy oorbeklemtoon die buite-bybelse gegewens. Dit funksioneer as die invalshoek van waaruit die teks as altyd geldende voorskrif bestry word. So verduister die verklaarder die Skriflig.

Verder maak hy ten onregte 'n teenstelling tussen die voorskrifte oor die vrou in 1 Korintiërs 11 en 14 enersyds en andersyds in 1 Timoteüs 2. Op bewyse dat hy nie sorgvuldig lees en nie verstaan nie (literatuur in voetnoot 1) het hy tot dusver nie gereageer nie. Die resultaat van sy interpretasie? Hy beweer: 'Paulus sou waarskynlik nie hierdie beperkings op vroue gelê het as die samelewingsposisie van vroue nie destyds so van dié van mans verskil het nie.' Ons moet 'nie die gesag van die Skrif aantas deur aan hierdie uitsprake van Paulus ewige en universele krag te gee nie.'

Nie die teks nie, maar sogenaamde buite-bybelse gegewens oorheers hierdie en dergelike interpretasies. Uiteindelik word die inhoud van die teks so verdraai dat die Here vandag presies die teenoorgestelde oor die posisie van die vrou in die erediens van ons sou eis as wat Hy in sy Woord bekend maak.

Die beklemtoning van buite-bybelse gegewens gaan sover, dat selfs *'kontekstuele faktore'* in die hedendaagse toepassing van die Here se voorskrifte in die Bybel in ag geneem moet word. In 'n beswaarskrif wat op 'n nasionale sinode gedien het, is onder meer die volgende kontekstuele faktore genoem: 'Waarheidsmomente in moderne filosofieë', 'menseregte', 'die sosiale posisie' van die vrou in die moderne samelewing. God se Woord is hier nie meer die toetssteen vir ons situasie nie. Net omgekeerd: Ons 'konteks' word die rigsnoer waaraan die Woord gemeet word. Vanuit die moderne leefwêreld word voorskrifte in die Skrif 'geïnterpreteer', dit wil sê gekritiseer.

Wat word van die arme gemeentelede onder sulke 'herders'? Hulle kan nie die buite-bybelse gegewens wat teoloë ywerig aandra om die teks in sy teendeel te verander, kontroleer nie. Hulle interesseer hulle nie vir moderne filosofieë nie. Op wie se gesag moet hulle aanvaar dat hulle die beker vir 'n kelkie 'mag' verruil, dat die besondere ampte vir vroue oopgestel 'moet' word, dat God se gebooie slegs 'riglyne' vir ons inhou, nie voorskrifte nie? Op God se gesag in sy Woord? Nee, op gesag van daardie teoloë. Wie se woorde moet hulle glo? Die helder Woord van God? Nee, die Skrifverdraaiing van teoloë.

Interpretasie vanuit buite-bybelse gegewens en vanuit ons 'konteks' moet getipeer word as die maak en aansteek van 'kunsliggies'. Hierdie 'kunslig' vervang die Skriflig wat die teoloë eers verduister het. Daardie 'kunslig' beroof Gods volk en die teologiese wetenskap van die helder Woord van God.

Gelowige teoloë reageer uiters skerp op die 'kunslig-vervaardiging'. Drie aanhalings (uit drie verskillende kerklike hoeke): 'Teoloë maak van die duidelikheid van die Skrif 'n probleem ten gunste van die plek van die teologie'.[30] Hulle volgelinge word van afhanklikheid van die Woord weggelok na afhanklikheid van daardie teoloë se menings. 'Die Skrif mag bly. Intussen word die geskrewe woorde sodanig gekritiseer dat dit by die gevoelens' van die moderne mens 'aanpas'.[31] 'Daar woed in die uitlê en vertolking (interpretasie) van die Skrif 'n felle stryd tussen die Gees van die waarheid en die leuengeeste.'[32]

Professor Schulze se artikel (sien voetnoot 1) getuig van heilige afkeer van hierdie 'interpretasie'. Hy sê in geloof: Nie dit nie. Daardie 'interpretasie' is taboe in gereformeerde kerke wat in die Skrifgeloof lewe en Skrifgesag bly eerbiedig.

### *Gereformeerdes, waarheen?*

Ons aanvaar die hele Bybel 'as heilig en kanoniek om ons geloof daarna te rig'.[33] Die Here beskryf in sy Woord, wat altyd aktueel bly, breedvoedig 'die hele wyse waarop' Hy 'deur ons gedien moet word'. Daarom mag niemand 'anders leer as wat ons reeds deur die Heilige Skrif geleer word nie'. 'Die leer daarvan is heeltemal volmaak en in alle opsigte volkome.'[34] Ons belydenis oor die rigsnoer en die volkomenheid van die Skrif dring ons om elke manier van 'eie uitlê' van die Skrif en elke manier van Skrifverdraai[35] in geloof te weerstaan. Interpretasie vanuit buite-bybelse gegewens en vanuit ons konteks wys ons as strydig met die gereformeerde belydenis af.

Ons rigsnoer is die Skrif, nie eie interpretasie van teoloë nie.

Die Here het sy Woord aan die hele kerk - nie aan enkele teoloë nie - toevertrou.[36] Nie slegs die teologiese skool en die predikante nie, maar die hele kerk is "n pilaar en grondslag van die waarheid'.[37] Die skool en die dominees bestaan om die kerke in dié hoë en verantwoordelike posisie by te staan. Lewende kerke duld nie die indring van 'interpreterende' teoloë tussen die Here se Woord en sy volk nie. Die Heilige Gees verlig elke gelowige Bybelleser. Gereformeerde kerke ken nie die Roomse afstand tussen geestelikheid en leke nie. Ware gereformeerdes laat hulle nie deur teoloë tot leke degradeer nie.

Ons glo dat die eeue-ou Woord nie ver van ons is, sodat teoloë dit nader moet bring nie. Die Here sê: 'Naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart'.[38] Kan die Gees die heilsame evangelie nog nader bring? Hy bêre die Woord in ons hart. Hy laat dit eggo in ons mond wat bely. Die skape ken die stem van die Goeie Herder en ken die Herder wat praat. Dié stem verdra nie in sy skaapstal enige teëpratery nie.

---

[30] J van Genderen & H Velema. *Beknopte gereformeerde dogmatiek.* Kampen: Kok, 1992, p. 104.

[31] J van Bruggen. *Wie maakte de Bijbel? Over afsluiting en gezag van het Oude en Nieuwe Testament.* Kampen: Kok, 1986, p. 77.

[32] B Wentsel. *Dogmatiek (1): het Woord, de Zoon en de dienst.* Kampen: Kok, 1981, p. 240.

[33] NGB, art. 5.

[34] NGB, art. 7.

[35] 2 Pet 1:20; 3:16.

[36] Rom 3:2.

[37] 1 Tim 3:15.

[38] Rom 10:8; Deut 30:14.

As ons teëpraat in die skaapstal, die kerk van Christus, wel verdra deur dit nie in geloof te weerstaan nie, dan gaan ons al hoe meer die kenmerk vertoon van die gemeenskap wat aan homself meer mag en gesag toeskryf as aan die Woord van God (Skrifkritiek kan nie met Skrifgeloof saamgaan nie). Hierdie gemeenskap 'wil homself aan die juk van Christus nie onderwerp nie' (Onderwerping aan Skrifgesag kan nie met ondermyning daarvan saamgaan nie). Watter gemeenskap word in die belydenis so getipeer? Die valse kerk.[39]

Gereformeerdes, waarheen?

## Bewaar die Woord

Iemand vra: Waaroor stry jy nou eintlik? Gaan dit in ons verskille oor verklaring en interpretasie nie oor kleinighede nie? Dit raak tog nie die hart van die evangelie nie? Ons glo tog saam aan die vergewing van sondes in die bloed van Christus? Ons wil immers saam in die krag van die Heilige Gees die Here dien?

Die hart van die evangelie klop in elke woord. Dit is God wat ons in elke teks aanspreek. Daarom moet ons na sy hele Woord eerbiedig luister. Gemeenskappe wat die minste oneerbiedigheid teenoor sy Woord begin toelaat, laat Skrifgeloof en Skrifgesag aantas. Daardie pad loop uit op verdraagsaamheid jeens teoloë wat die goddelike Skrif loën, asook die Heiland se versoenende lyding en sterwe. In die diens aan die Here bestaan daar geen stilstand nie. Mense word steeds sterker aan Hom verbind. Ander vervreem steeds meer van Hom.

Op bladsy 35 van die ope brief (sien voetnoot 1) is 'n indringende waarskuwing oorgeneem. 'Daar bestaan 'n onlosmaaklike samehang tussen kritiek op die Bybel en ontkerstening van die lewe. Die geringste vorm van Skrifkritiek begin met die deursny van die enigste band wat ons aan die Here verbind, sy geopenbaarde Woord. Die einde is die totale verwerping van die Skrifgesag, die wegwerp van die genademiddel waardeur die Heilige Gees die geloof in ons harte werk en versterk. Die pad van Skrifkritiek eindig nie by nuwe kerke of sektes nie, maar by die ontkerstening van die hele lewe. Die toenemende kerklosheid, kerkloosheid en verwêreldliking na die Tweede Wêreldoorlog is hiervan die bewys.'

Gereformeerdes, waarheen? Wat moet ons doen om aan uiteindelike ontkerstening te ontkom?

### *Genademiddel van die Heilige Gees*

Ontvang die Woord soos die Here dit gee. Hy praat. Sy woorde gaan met goddelike dade gepaard. Die Heilige Gees werk en versterk die geloof deur die verkondiging van en voortdurende luister na die Skrif.[40] Hy wederbaar ons deur die Woord.[41] Hy vernuwe ons hele lewe deur die Woord.

Buite die evangelie is die mense se bestaan duisternis. Wie dit besef, vermy enige verduistering van die Skriflig. Liefde vir die lig versterk Skrifgeloof. Eerbied vir Hom wat ons aanspreek, laat geen ondermyning van Skrifgesag toe nie.

### *In die Skriflig*

Predikante wat hulle in die ligbundel van die Woord vir die bediening daarvan voorberei, lewer nie praatjies oor die Bybel nie. In hulle prediking straal die lig van die evangelie. Hierdie preke voed die volk van God. Die Here kom in dié bediening-van-versoening tot sy kinders, skenk aan hulle vergewing van sondes om Christus wil, verbind hulle steeds sterker aan Hom en lei hulle in sy diens in die hele lewe.

Gelowige luisteraars hoor die Woord. Die Gees open die evangelie vir hulle harte en hulle harte vir die verkondigde Woord. En Hy gee die krag om sy woorde - ten spyte van oorblywende sonde - te doen.

Afwyking van die Skrif in woorde, geskrifte, dade dring die gelowiges tot broederlike vermaning. In die geval van openlike afwyking in die pers volg openlike vermaning (ook in die pers). Openlike vermaning soek die behoud van diegene wat afwyk en wil voorkom dat broeders en susters die dwaling oorneem.[42] Wie die broederlike vermaning nie ter harte wil neem nie, moet in die kerklike weg aangekla word, tot bewaring van Skrifgeloof en Skrifgesag en tot behoud van die hele kerk.

Ons Here het in die aand voor sy sterwe om die eenheid van die kerk gebid, om die eenheid van almal wat deur die woord van die apostels in Hom glo.[43] Hy wil eenheid in Skrifgeloof hê. Hy wil dat alle gelowiges saam buig voor die Skrifgesag.

Alle belydende lidmate in die verband van Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het openlik bely dat hulle dié eenheid begeer en belewe. Hulle het dit by hulle openbare belydenis van geloof beaam. Baie van hulle het die belydenis van hulle Skrifgeloof by elke kinderdoop herhaal. Alle ampsdraers in die kerke het die Drie Formuliere van Eenheid onderteken en daarmee hulle eenheid in Skrifgeloof nogmaals bevestig. Hulle herhaal dié bevestiging by elke opening van 'n meerdere vergadering in hulle openlike verklaring. In hierdie belydenisse het ons voor God en sy gemeente en onderling plegtig belowe om die eenheid in Skrifgeloof sorgvuldig te bewaar. 'n Belofte voor God en sy volk het die krag van 'n eed. Dié beloftes bind elkeen en bind alle gelowiges saam. Hierdie binding en verbinding maak dit 'n weelde om gereformeerd te wees.

Wee ons as hierdie eed net 'n woord bly, as ons onsself en mekaar nie daaraan bind nie, as ons beloftebreuk nie weerstaan en vir die eenheid in die waarheid in die bres tree nie. Dan pleeg ons meineed. Wie in die Skriflig verlig en verwarm word, bestry elke woord en daad wat dié lig verduister en die liefde vir die waarheid laat verkoel.

- Beker of kelkie? Die Skrif beslis.
- Toelaat van vroue om in besondere ampte te dien? Die Skrif beslis.
- Onderhouding van God se gebooie? Die Skrif beslis.

Eerbiedig God se stem. Betoon ontsag vir sy Skrifgesag. Dit is die skriftuurlike appèl op alle gereformeerdes, binne en buite die verband van Die Gereformeerde Kerke in ons land.

### *'n Belofte*

Die verheerlikte Heiland skryf aan sy kerk in Filadelfia: 'Jy het my woord bewaar'.[44] Dié gemeente het aanvalle teen die Skrif in geloof weerstaan. Die lidmate het in die ligbundel van die evangelie gebly. Nie slegs enkele voortrekkers nie. 'Jy', sê die Here. Hy spreek die hele gemeente aan, almal saam en elkeen, hoof vir hoof.

Die Here verbind aan die volharding in Skrifgeloof 'n heerlike belofte. Hy belowe aan sy kerk in Filadelfia en aan al sy kerke

[39] NGB, art. 29.
[40] HK, antw. 65; DLR, 5.14.
[41] Jak 1:18; 1 Pet 1:23-25.
[42] Vgl. Gal 2:11-14.
[43] Joh 17:20.
[44] Op 3:8.

wat in Skrifgeloof volhard: 'Omdat jy die woord van my lydsaamheid bewaar het, sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel'.[45] Hy bekroon sy eie werk in die gemeente van Filadelfia en in al sy ware kerke. Alleen in sy krag kon hulle en kan ons sy Woord bewaar, die eenheid in Skrifgeloof en die eerbied vir Skrifgesag handhaaf.

Het die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom, aangebreek? Nooit tevore was die aanslae teen die helder, goddelike Skrif, die rigsnoer vir elke gelowige, van binne-uit in gereformeerde gemeenskappe dwarsoor die wêreld so omvangryk, so venynig en so geraffineerd as wat ons in die laaste tientalle jare meemaak nie.

Mag die Here wat elkeen van sy skape by name ken, hulle versterk om sy Woord te bewaar.

Mag ons elke aanval op Skrifgeloof en Skrifgesag in sy krag weerstaan.

Mag die Goeie Herder almal wat in die Skriflig wil wandel, in sy een kudde verenig, onder sy suiwer Woorddiens, rondom sy nagmaaltafel, in binding aan een belydenis.

Gereformeerde belyers, waarheen? Bly net in die ligbundel van die Woord. Dié lig gee lewe. Gereformeerde kerke, waarheen? Na die binding aan julle belydenis. Glo die Skrif. Lewe onder die gesag van God se stem. Bewaar die Woord, sodat die Groot Herder van die skape kan getuig: Jy, kerk van My in Suid-Afrika en waar ook in die wêreld, en elke lidmaat van jou het my Woord bewaar. Ek bly jou bewaar in die uur van wêreldwye beproewing.

---

[45] Op 3:10.

---

## KOMMENTAAR VAN LESERS

# INTERPRETASIE OF VERKLARING?

**D Breed van Goodwood (Kaapstad) skryf:**

Dr JG Meijer koppel die gebruik van interpretasie met die beskrywende 'eie' en verwoord dit dan konsekwent met die begrip 'kunslig' (*W&D*, Januarie 2000).

Prof. Jordaan onder opskrifte 'Skrifgesag en Skrifvertolking' (*W&D*, September en Oktober 1998), wat die inhoud duidelik kategoriseer, gebruik die woord interpretasie sonder verdere kwalifikasie. Uit sy artikels is dit egter duidelik dat dit hier nie gaan om 'eie' interpretasie nie, maar Skrifverklaring.

Ek meen dat prof. Kroeze vroeër (die artikel kan ek ongelukkig nie vind nie) in *Die Kerkblad* 'n stuk gelewer het wat die gebruik van die begrip 'interpretasie' afgewys het, as sou interpretasie die inherente betekenis van kunslig hê.

Het ek die kat aan die stertkant beet? Is interpretasie, vertolking, verklaring ekwivalente begrippe?

**Dr JG Meijer antwoord:**

Broeder Breed deel na die bostaande en na die skryf van my antwoord daarop mee dat hy die artikel wat hy nie kon vind nie, opgespoor het. Dié artikel kom nie van die hand van professor Kroeze nie. Professor Schulze is die skrywer daarvan.

Drie artikels verskyn gelyktydig, in September 1998. In al drie besin die skrywers oor Skrifverklaring en interpretasie van die Bybel. Daar is 'n ooreenkoms in hulle gedagtegang. Al drie stel: Verklaring en interpretasie is nie dieselfde, nie sinoniem nie. Aandagtige lesers soos broeder Breed ontdek egter ook verskille in dié drie artikels, selfs so ingrypend dat hulle versug: Is verklaring en interpretasie van die Skrif eintlik tog maar twee woorde vir een saak?

Die artikel van een van die skrywers, professor Schulze, is in *Die Kerkblad* gepubliseer. Hy dink aan wat professor HG Stoker geleer het en benader die verskil tussen verklaring en interpretasie uit 'n wysgerige hoek. Interpretasie is volgens hom subjektief. Verklaring gee 'n objektiewe weergawe van die betekenis van 'n teks. Wie die teks subjektief benader, kom by 'n 'eie uitleg' uit, in stryd met die Skrif. Daarom antwoord hy op die vraag: 'Mag ons die Bybel interpreteer?' kategories: 'Nee'! Verklaring moet. Interpretasie is taboe vir gereformeerde teoloë.

In professor Jordaan se artikels in die September- en Oktober-uitgawes (1998) van *Waarheid en dwaling* word verklaring en interpretasie as twee prosesse voorgestel. Verklaring is die sorgvuldige verkenning van 'n teks. Die teks word woord vir woord geanaliseer. Na die analise volg die tweede proses: interpretasie. Die verband met die perikoop waarin die teks voorkom, met die betrokke Bybelboek en die hele Skrif word noukeurig nagegaan. So kom die diep betekenis van die teks en sy aktuele boodskap vir God se volk aan die lig.

Prof. Jordaan hou aan elke vertolker die skriftuurlike opdrag voor: Verwyder u in die eksegese nie van die teks nie. Keer by elke stap in die prosesse van verklaring en interpretasie na die teks terug, sodat die diep betekenis daarvan aan die lig kom en nie verduister word nie. Prof. Jordaan karakteriseer die gelowige interpretasie-proses as *donum interpretationis*, 'n gawe van die Heilige Gees.

Mag ons die Skrif interpreteer? Nee, sê een teoloog. Dit moet, sê die ander. Na verklaring van die teks moet die interpretasie volg om die diepte, die kernboodskap daarvan te verstaan. Dit lyk maar na 'n Babelse spraakverwarring.

Tegelykertyd verskyn daar nog twee opeenvolgende artikels in *Waarheid en dwaling*. Die skrywer reageer op twee artikels wat in *Die Kerkblad* gepubliseer is en waarin betoog is dat Skrifgesag en Skrifgeloof nie in ons midde aangetas word nie. Daardie manne beweer: Ons het as gereformeerdes slegs 'interpretasie'-verskille. In my reaksie op hierdie artikels is gewys op die voorliefde van modernistiese teoloë vir die woord interpretasie. Dit is 'n sleutelbegrip, 'n modewoord. Elkeen mag die Skrif op sy manier interpreteer. 'So sê die Here' word vervang deur: 'Ek gee slegs my interpretasie'.

Drie artikels (en twee vervolg-artikels) verskyn gelyktydig, in September en Oktober 1998. Bestaan daar tussen die drie skrywers konfessionele geskille? Nee. Al drie sien wel gevaarligte flikker. Die vraag wat hier in diepte aangespreek moet word, is: Hoe gaan talle moderne teoloë met die Skrif

om? En watter skade rig hulle aan in kerke wat nog pretendeer dat hulle aan Christus toebehoort?

Om die belang van die saak wat broeder Breed vraenderwys aan die orde stel, word 'n artikel oor sy vraag en aanverwante sake geskryf. Tot bewaring in die Skrifgeloof. Hierdie artikel staan in die rubriek 'Op die kerkerf'.

Hierdie saak is al etlike jare gelede in die klassikale ressort, waar hy woon, ter tafel gelê in 'n ope brief onder die titel *U kneg hoor*. Tot dusver het die kerke in Klassis Boland nie daarop gereageer nie. Daar is nog eksemplare van dié brief van veertig bladsye beskikbaar. Die boekie is verkrygbaar by Printburo (adres op bladsy twee van hierdie blad). Prys: R 11.00 (weens styging van versending-koste).

---

**REKENAAR EN INTERNET**

# Die aarde behoort aan die HERE
# Ook die rekenaar en die Internet

**Dr AH Bogaards**, Daniëlskuil

'Die aarde behoort aan die Here en die volheid daarvan' (Psalm 24:1). Dit geld vanselfsprekend ook van die rekenaar en die Internet: Dit is die eiendom van die HERE. God het dit aan ons gegee, sodat ons dit sal gebruik tot sy eer.

Tog is daar vele christene wat uiters negatief teenoor die rekenaar en veral teenoor die Internet staan. Daar is gelowiges wat die gebruik daarvan selfs radikaal afwys. Dit is ook nie sonder rede nie. Wie die Internet ken, sal weet dat dit vir groot dele 'n Sodom is. Dit wemel van dinge soos pornografie, propagering van dwelms en ander ongeregtighede.

## Die Internet is soos 'n groot stad

In die lig van al die verkeerde is dit 'n wettige vraag of ons as gelowiges op die Internet mag gaan en dit mag gebruik. Ek wil die vraagstuk beantwoord deur die Internet te vergelyk met 'n groot stad.

As ons na 'n stad gaan, kan ons baie verskillende plekke besoek: Ons kan na 'n bordeel gaan, 'n dobbeloord besoek of by 'n kroeg inloop. Ons kan by 'n kafee pornografiese leesstof koop of 'n bloufilm by die videowinkel uitneem. In 'n stad kan ons slegte vriende opsoek en goddelose gesprekke voer. So gesien, is die stad nie 'n plek vir 'n christen nie.

Ons kan egter ook, wanneer ons in die stad woon of kom, na die kerk toe gaan. By 'n christelike boekwinkel kan ons Bybels koop en ons kan by geloofsgenote besoek aflê en die gemeenskap van die heiliges uitleef.

Met die Internet is dit presies dieselfde: Sondige plekke is daar meer as genoeg. Die teendeel is egter ook waar: U kan christelike boeke daar kry - en heel dikwels gratis. Ja, in hierdie vuil stad kan u verniet Bybelprogramme bekom en Calvyn se kommentare. Op verskillende plekke is daar ruim die geleentheid vir opbouende gesprekke met geloofsgenote.

## God se stad

Die belangrikste rede waarom ons wel die Internet moet gebruik en benut, is omdat dit aan God behoort. Dit is nie die duiwel se besit nie, alhoewel hy dit vir sy doel misbruik.

## 'n Gids in die stad

Die bedoeling van hierdie rubriek is om u in die stad genaamd Rekenaar en Internet te lei na die regte plekke. Met die hulp van die Here wil ek u God se mooi skepping laat sien en leer waardeer en u wys hoe u hierdie mooi handewerk van Hom kan en ook moet gebruik tot sy eer en tot uitbreiding van sy heerlike evangelie.

---

**PERSSKOU**

**Ds GJ Meijer**, Wonderboompoort

# KERK IN STROOMVERSNELLING

Dr CJ Smit en prof JM Vorster het in *In die Skriflig* van Desember 2000 hulle beskouing weergegee van - wat hulle noem - 'Die GKSA en sy gereformeerde identiteit: Kan dit behou word in 'n postmoderne gemeenskap?' Enkele hoofpunte word uit die artikel aangehaal.

*In die laaste dekades van die tweede millennium het 'n paradigmaverskuiwing (verandering van denkraamwerk) ook in Suid-Afrika onmiskenbaar geword. Hierdie paradigmaverskuiwing behels 'n omvangryke verandering van denkwyse op die gebied van die wetenskappe, maar ook ten opsigte van die samelewing. Kortom, dit hou 'n verandering van lewenswaardes in. 'n Nuwe paradigma word nie deur 'n individu of 'n groep 'geskep' nie; dit groei eerder tot rypheid binne die konteks van 'n buitengewone netwerk van verskeie sosiale en wetenskaplike faktore.*

*Die verandering van denkraamwerk het ook ingrypende implikasies vir die gereformeerde identiteit van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA). Sal die GKSA oor 'n aantal dekades steeds 'n Skrifverankerde kerkgemeenskap wees wat die God van die Bybel as die enigste, ware God beskou, met die Bybel as sy onvervalste openbaring? Sal die lewenstyl van die GKSA steeds die geloofseenvoud en nugter waarde-oordele vertoon wat 'n uitvloeisel van die sekerheid van die waarheid van God en sy Woord is?*

Dr Smit en prof Vorster worstel met die vraag: *Hoe kan die GKSA sy gereformeerde identiteit behou in 'n tyd waarin absolute waardes verwerp word; 'n tyd, trouens, waar relativisme die botoon voer?* 'n Kritieke vraag.

Hulle skryf verder: *Die postmodernisme is die denkwêreld waarin die GKSA deur die loop van die komende dekades sal leef. Die wyse waarop die GKSA 'n postmoderne denkklimaat gaan verwerk en beantwoord, gaan bepalend wees vir die behoud van sy gereformeerde identiteit al dan nie.*

*Die GKSA bevind hom in 'n wêreld waar vryheid van denke, vryheid van spraak en menseregte belangrike uitgangspunte van die denkraamwerk vorm. Hierdie denkraamwerk lei tot die oorwaardering van die indiwidu. Nie belydenis, nie tradisie, nie die kerk word meer in die weg van die indiwidu op mars na die volgende horison geduld nie.*

Oor die postmoderne gees in ons breë samelewing merk hulle op: *Wat ons reeds as feitelik in die mens se belewings- en beslissingswêreld moet beskou, is die volgende:*

> *Absolutisme is uit. Waardes, veral dinge waarmee die kerk werk - byvoorbeeld dogmastrukture en kerklike voorskrifte - word toenemend deur die samelewing gerelativeer. Wat nie in die raamwerk van die postmodernistiese mens pas nie, ruil hy maklik in vir wat wel daar inpas.*
>
> *Spiritualiteit is in. Waar en hoe die postmodernistiese mens bevrediging vir sy inherente godsdienssin kry, is nie langer vir hom die kernvrae nie, maar slegs dat hy op 'n wyse wat hom pas, sy spiritualiteit kan uitleef.*

Die kerk spring hierdie gees van postmodernisme nie vry nie. *Madelein van Biljon skryf in die eerste nommer van 'Finesse', 'n tydskrif vir Christen-vroue, dat sy haar nog nooit met die leer van die Drie-eenheid kon versoen nie; ook nie dat God as Vader sy eie Seun vir haar sonde so verskriklik moes laat sterf nie. Buitendien dink sy nie dat haar persoonlike sondes in elk geval só groot is nie. Sy het in die kerk groot geword.*

Willem de Klerk vra: *'Kan dit wees dat die kerk sy eie bas wil red in arrogante selfhandhawing ten koste van God, wat op ander maniere as wat die tradisie voorhou, aan mense se harte klop?' En: 'Is die Bybel werklik die volle, enigste, volledige en gesagvolle openbaring van God?'* Hy stel verder: *Daar is weerstand teen die kerk: teen voorskriftelikheid, kerklike taal, die kerklied, kerkbelydenis, prediking en kerklike aktiwiteite. Al die foefies wat kerkrade bedink om mense te lok, val plat. Die ampte van ouderling en diaken het so vervlak dat dit amper nie meer funksioneer nie. Die einde van die professionele dominee is ook in sig.*

Volgens dr Smit en prof Vorster *lê die kern van die antwoord in wat die GKSA met God en sy Woord gaan maak. Geloofsrelevansie vir die gemeenskap beteken nie die prysgawe van geloofsbeginsels nie, maar juis 'n nuwe waardering daarvan en die vermoë om dit aan die gemeenskap te 'verkoop'. Deurleefde gehoorsaamheid aan die Woord van God is dié primêre front vanwaar 'n verskil aan 'n gemeenskap gemaak kan word. Hierdie gemeenskap dryf los van sy godsdiensankers, maar erken tog 'n behoefte aan spiritualiteit op 'n groter verskeidenheid maniere.*

> *Vir 'n kultuur wat alle vorme van absolutisme verwerp, moet dié Absolute 'n werklikheid gemaak word.*
> *Vir 'n samelewing wat alles vervang, inruil wat klaar gebruik is, moet steeds dié Onvervangbare aangebied word.*
> *Vir mense wat alles wat stukkend is, weggooi, moet die Groot Heelmaker gebring word.*

God vir alle tye. Maar hoe? Die skrywers beantwoord hierdie vraag in ses hoofpunte.

1. *Erken en leef uit God se gesag.*
   *Minder instituut en meer gemeenskap. Die kerk moenie op grond van sy eie gesag praat nie. Wat God sê, moet aan die woord gestel word om die postmoderne gelowige nog te raak. Lidmate moet soveel moontlik betrek word by besluitvorming oor sake wat hulle persoonlik in hulle geloofsuitlewing raak.*
2. *Ampsdraers as dinamiese dienaars van God.*
   *Predikante wat opnuut en toegewyd dienaars word wat die gemeente uit God se Woord toerus.*
   *Ouderlinge en diakens as doelgerigte taakvervullers wat toegerus is om die gemeente as die liggaam van Christus kragtig te kan opbou.*
3. *Die liturgie moet 'n stroombaan vir die samekoms met God word.*
   *'n Nuut deurdinkte liturgie wat die erediens vir die gemeente 'n belewenis met God maak, sodat dit vir mense 'n vashoupunt aan die kerk bied.*
4. *God se kinders moet erken word.*
   *In die gemeente moet daar 'n nuut gefokusde erkenning van al God se kinders kom, op so 'n wyse dat elke gelowige 'n plek in die groep ervaar en in die geleentheid gestel word om sy/haar bydrae te kan maak.*
5. *Handhaaf die Christelike godsdiens as die enigste ware godsdiens.*
   *Erken godsdiensvryheid, maar nie godsdiensgelykwaardigheid nie.*
6. *Benut die postmoderne spiritualiteit.*
   *Die GKSA moet die nuwe spiritualiteit van die postmoderne mens in sy midde en in sy gemeenskap in ag neem en die momentum daarvan vir die verkondiging van die evangelie ten beste benut. Die leer van die kerk moet in die verkondiging verpak word binne 'n benadering van persoonlike koestering deur die Gees en Woord.*

In aansluitiing by die ses hoofpunte maak hulle ook die volgende opmerkings: *Die wyse waarop die waarde van Skrifbeginsels tuisgebring en eie-goed gemaak moet word, moet nuut bekyk word - nie deur allerlei kunsgrepe in die Woordbediening, liturgie en pastoraat nie, maar op verbeeldingryke, geloofsverankerde, oorredende, kommunikatief verantwoorde maniere. Die GKSA moet daarvan werk maak om die ou wyn in nuwe leersakke voort te dra, die derde millennium in - dit is die enigste manier om met behoud van die gereformeerde identiteit relevant vir die postmodernistiese gemeenskap te bly.*

*Konkreet: die massa jongmense wat postmodernisties in 'n saamslaapkultuur 'n stilswyend-aanvaarbare praktyk vind, praktiserende gay-mense wat ook hulle geloof as deel van die kerk wil uitleef, duisende (ook 'kerkmense') wat hulle antwoorde vind in die dobbelhuise wat soos paddastoele opspring, moenie deur die kerk met 'n wegkyk en ophaal van die skouer bloot geakkommodeer word nie. Die Skriflyne moet, nie wegwerend en afwysend nie, maar liefdevol-pleitend en nadertrekkend deurgetrek word, met insig in die tydsgees, maar met die ferm behoud van die Skrifbeginsels.*

*Die groot oplewing wat charismatiese kerke wêreldwyd deur die loop van die laaste dekades van die twintigste eeu gemaak het, moenie gereformeerdes verlei om 'n buiging na die charismatiese beweging te maak nie. Dit sou afskeid aan die gereformeerde identiteit beteken. Buitendien lê die GKSA se groeibodem buite hierdie sfeer: eerder die nugter geloofsbenadering as die emosionele of die sentimentele geld binne die GKSA. Daar sal steeds gelowiges wees wat hulle in die gereformeerde geloofsbenadering tuisvoel. En dit is dié benadering wat 'n antwoord vir die postmodernisme in die kerk en in die samelewing kan bied.*

Die kernpunt wat die artikel myns insiens aanraak, en wat met 'n helder rooi lyn onderstreep moet word, is die 'ferm behoud van Skrifbeginsels'. Die Woord van God is altyd en oral geldend. Die geskiedenis van die mensdom leer ons dat vele gedagtestrominge gekom het, en na etlike jare weer plek gemaak het vir ander. So is die gevalle, beterweterige mens: altyd op soek na iets anders. Te midde hiervan geld die Skrif onveranderlik, ongeag wat die gedagtestroming van die dag is. God se verbondbeloftes, -eise en -oordele was van krag vir Abraham, vir Johannes die Doper, vir die apostels, vir die ou kerkvaders, vir ons voorgeslagte gedurende die premodernisme, die modernisme - ook vir ons, in die stroomversnelling van die postmodernisme. Dié wete gee rus in 'n onrustige samelewing. Geloofsrus. Gemoedsrus.

# Nagmaal in die sitkamer

Dat daar in die postmoderne tyd 'n duidelike verskuiwing van grense plaasvind, blyk oorduidelik uit die volgende berig wat in *Beeld* van 6 Maart 2001 verskyn het.

*Nagmaal in NG lidmate se sitkamers kan vir die eerste keer die kerklike seën kry as die sinode van die NG Kerk in Oos-Transvaal vandag of môre 'n aanbeveling hieroor goedkeur.*

*Die kwessie van die bediening van Nagmaal in klein groepies soos selgemeentes of omgeegroepe - tipies vier of vyf gesinne wat weekliks by iemand se huis byeenkom - het 'n druk besprekingspunt in die kerk geword.*

*Enkele gemeentes laat dit reeds toe, terwyl ander wag om te sien hoe die sinode besluit.*

*In die aanbeveling voor die sinode word gesê dat die Nagmaal 'nie net in die groot ruimte van die kerkgebou gevier hoef te word nie, dit kan ook in die meer intieme atmosfeer van kleiner groeperinge bedien word'.*

*Die verslag waarsku egter ook dat die gevaar bestaan dat die Nagmaal met die skuif na 'n informele ruimte 'bloot alledaags en huishoudelik' kan word.*

*Daarom word spesifieke vereistes vir Nagmaal in klein groepe gestel. Dit sluit in dat dit 'n oop geleentheid moet wees waarin enigiemand welkom is, dat die ouderlinge verantwoordelik bly vir die toesig oor elke Nagmaalsviering, dat 'n geordende leraar die Nagmaal moet bedien en dat dieselfde tekens (brood en wyn) met dieselfde simboliese betekenis en met dieselfde instellingswoorde as in die kerk bedien moet word.*

*Dr. Johan Ernst, ondervoorsitter van die sinodale diensraad, sê een van die aspekte wat lewendige bespreking kan uitlok, is die vraag of net dominees so 'n Nagmaal mag bedien. Party gemeentes wil hê dat die leier van 'n selgemeente of omgeegroep die Nagmaal moet kan bedien.*

*Die bediening van Nagmaal in klein groepe is die tweede groot verskuiwing in die Nagmaalsbediening wat die afgelope paar jaar in die NG Kerk bespreek word. Die eerste groot skuif was die bediening van Nagmaal aan kinders, wat in 1998 deur die algemene sinode goedgekeur is.*

Hierdie selfde saak het 'n jaar gelede ook voor die sinode gedien. Toe is dit met een enkele stem afgekeur. Die stormwinde van verandering het egter nie ophou waai nie. Die NG Kerk se Streeksinode Oos-Transvaal het hierdie jaar die groen lig vir nagmaalbediening buite die kerklike erediens gegee. Opvallend van die koerantberig is die gebrek aan Skrifbegronding. Daar word gevrees vir die moontlikheid dat nagmaal 'alledaags en huishoudelik' word. Sommiges pleit vir nagmaalbediening deur 'n predikant. Ander sien egter geen rede waarom 'n selleier nie ook in staat sou wees om die nagmaal te bedien nie. Op watter gronde rus die vrese en pleitredes en versoeke? As die pad wat die Skrif aandui eenmaal verlaat is, is alles aanvaarbaar - sonder om jou te beroep op die Skrif. Postmodernisme binne die kerkmure in 'n hoë rat! Wie sal die kinders belet om nagmaal te bedien? Hulle kan dit immers reeds gebruik?

Daarteenoor staan die slagspreuk van ware reformasie: Sola Scriptura - alleen die Woord. 'Ons mag nie die gewoonte of die groot getalle ... van persone of kerklike vergaderings ... met die waarheid van God gelykstel nie, want die waarheid is bo alles' (Artikel 7 NGB).

# GEBED VAN CALVYN[1]

'n Gebed na aanleiding van 'n Skrifstudie oor *Jeremia 2:4-13* en dan veral vers *13*:

**'Want my volk het twee verkeerde dinge gedoen: My, die fontein van lewende water, het hulle verlaat om vir hulle reënbakke uit te kap, gebarste reënbakke wat geen water hou nie.'**

Almagtige God, U het ons van die begin af aan met baie genade en barmhartigheid omring en ons ons lewe lank baie guns bewys. Gee, dat ons u groot goedheid nie vergeet en ons deur die verlokkinge van Satan nie laat verlei nie en dat ons ook nie vir onsself afgode maak, wat ons tog net in die verderf kan stort nie. Laat ons nie van U afwyk nie, maar U daagliks aanroep en uit die oorlopende fontein van u goedheid drink. Gee ons die genade, dat ons U van harte dien met inspanning van al ons kragte en u Naam verheerlik. En laat ons aldus aan ander toon dat ons u eiendom is, want om u eiendom te wees het U ons tot u kinders aangeneem in u eniggebore Seun.

Amen

[1] Vertaal in Afrikaans deur dr AH van den Bout vanuit die Nederlandse teks van die hand van ds AG Barkey Wolf, uitgegee in 1940 deur DA Daamen, Den Haag.